durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

1 Maart 2020




**1 Maart 2020, 2de Lydensweek**
**Preekreeks #24/7 Pasop, DOOP**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Dr. Kobus de Jager*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Dr. Kobus de Jager*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: Helpmekaar Studiefonds**

18:00 **@6 Diens**
*Arno Mattheus*

**8 Maart 2020, 3de Lydensweek**
**Preekreeks: #24/7 Twee Spanne**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Pieter Henning*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Pieter Henning*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: Duitsland** Menges-gesin

18:00 **@6 Diens**
*Stephanie Steenkamp*

## Maand oorsig:

1 Maart: Doop
6 Maart: Wêreldbiddag vroue
7 Maart: Wêreldbiddag vir mans
11 Maart: 18:00 Plaasfees Biduur
19 Maart: Glow Kidz kuier
20 Maart: Skole sluit
Gemeentekamp
28 Maart: Betesda-mark
31 Maart: Skole open

5 April: Doop
8 April: Identiteit in Christus Kursus
9 April: Lydensnagmaal
10 April: Goeie Vrydag

## Om met God tyd te spandeer …



Hoe doen jy dit?

- Praat jy nog met Hom?
- Sit jy stil en luister?
- Praat <u>jy</u> die heel tyd?
- Vra jy heeltyd?
- Dans jy voor Hom?
- Praat jy met Hom as jy gaan draf of fietsry?
- Bid jy in die motor?

Vandag nooi ons jou om in verwondering te staan voor God. Laat toe dat jy alles opsy skuif sodat jy kan luister na Hom.

Verheerlik Hom en laat dit oor Hom gaan, nie oor jou en jou behoeftes nie.

Vra vir wysheid en spandeer tyd in Sy woord.

**DINK HIEROOR:**

**Wat beteken dit vir jou om intiem by God tyd te spandeer?**

As jy lanklaas hieroor gedink het, maar dit vandag doen en tot aksie oorgaan, maak jy 'n WYSE besluit wat jou lewe kan verander.

## **VADER raak aan my …** maak my rustig

## ONS DAAGLIKSE BROOD

*"Die aarde en alles wat daarop is … behoort aan die Here"*

Koninkryksveldtog (Okt '19 - Febr '20)

| | |
|---|---|
| DOELWIT | R750 000 |
| INGESAMEL | R647 705 |
| **BENODIG** | **R102 295** |

Kontant / Koevert / EFT / Debietorder / Zapper / Snapscan

Ons het die jaar ons mikpunt met R102 295 gemis.

Ons gaan nou probeer om by die Durbanville Plaasfees met ons harde werk daar, te korte op die begroting aan te vul.

Dankie vir elkeen se bydrae vir die Koninkryk. Ons hou die huis aan die gang met harde werk sodat daar VRUG na buite kan plaasvind.

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### HOUSE OF GRACE INSTANDHOUDINGSWERK

Daar is heelwat instandhoudingswerk wat by bogenoemde projek gedoen moet word en ons benodig hulp met die volgende:

Die Hoofslaapkamer se badkamer het nie 'n deur nie en die venster in hierdie kamer is besig om uit te val.

Daar is probleme met die opwasbak in die kombuis en daar word ook 'n kas met 'n opwasbak benodig vir die aparte opwasarea.

Verskeie krane in die huis is los en daar is ook krane wat nie meer in werkende toestand is nie.

Die motorafdak het afgewaai (slegs die raamwerk het bly staan). Hierdie area benodig ook 'n veiligheidshek.

Die elektriese omheining is nie meer in 'n werkende toestand nie.

Die huis benodig 'n vars laag verf.

Skakel asb. vir Leonette Burger by 0824405662 indien u behulpsaam kan wees met enige van die bogenoemde items.

## Bergsigprojekte oor grense

### NG Kerk Bergsig betrokkenheid by Evangelisasie in Noord-Oos Mosambiek

Bergsig is sedert 1993 betrokke by Mosambiek Evangelisasie toe die Wes-Kaap Sinode se Sendingkantoor vra dat die gemeente ds Danie Murray beroep met standplaas Milange in Noord-Mosambiek. Ds Janlu Kuyler besoek Milange met positiewe terugvoer aan die kerkraad.

Danie word beroep as sendeling en 'n uitreikspan onder leiding van ds Teyo Smit besoek Milange in Junie 1994 om 'n pastorie vir Danie en sy vrou, Bonny, te bou.

**Noord-Mosambiek situasie in 1994**
1 Gemeente, 2 Dominees, 30 Boskerkies,± 1000 lidmate
Danie bly werksaam in verskillende hoedanighede binne die Sinode van Igreja Reformada em Mocambique tot 2006. Hierna is ds Kobus en Nana Eksteen die volgende sendelingpaar vanaf 2007 tot 2016. Sedert 2017 het die plaaslike sinode tot sodanige geestelike volwassenheid gegroei dat hulle nie meer 'n behoefte het aan buitelandse sendelinge nie.

**Huidige situasie**
26 Gemeentes met 2 ringe en 'n volle sinode,
320 boskerkies, ± 8500 lidmate,
2 sendelinge uitgestuur na onbereikte areas, 96 Bergsig lidmaatbesoeke oor afgelope 26 jaar.

Bergsig beplan 'n volgende gemeente-uitreik na Mute gedurende Junie/Julie 2020.

Kontak Jaco van Vuuren by 073 017 6662 vir meer inligting.

**Foto's regs:** Ds. Teyo en Ds. Philp besig met bouwerk.

## Bergsigprojekte oor grense

### Mosambiek Evangelisasie



Sedert 1994 is Durbanville Bergsig, in vennootskap met NGK Helderberg, betrokke by evangelisasie in Noord-Oos Mosambiek. Dit geskied tans hoofsaaklik deur ondersteuning en opleiding van ons susterskerk, die IRM - Igreja Reformada em Moçambique.

Aanvanklik was die ondersteuning dmv die plasing van Suid-Afrikaanse sendelinge in Milange. In 2017 het die susterskerk, met die inwerking van die Heilige Gees,sodanige volwassenheid bereik dat hulle 2 evangeliste kon uitstuur na onbereikte areas om 2 nuwe kerke te plant.

Pastor Jose Ernesto Ganhali (heel regs op die foto) het 'n kerk geplant in die Mavago area. 790 km noord van Milange, dus 15 uur per slegte grondpad.

Pastor Josias Guambe (links voor op die foto) het ook reeds 'n kerk geplant in die Mute/Palma area. 1328 km Noord-Oos van Milange, dus bykans 20 uur per grondpad. Pastor Guambe se bediening het spesiale uitdagings. Verskeie militante groepe soos Boka Haram en El -Shabaab is in die area betrokke en tientalle inwoners - gemeentelede en Moslems – is wreed vermoor.

Bergsig is ook by verskeie ander Evangelisasie projekte in Mosambiek betrokke. Sommige hiervan is Andre en Anna-Marie Thiart se Makwe bediening sowel as die finansiële ondersteuning van 3 pastore rondom die Milange area.

Mosambiek Evangelisasie benodig ons gebedsondersteuning, veral in die lig van die onlangse Idai en Kenneth vloede en stormwinde. Bydraes kan gemaak word dmv Bergsig se Geloofsgelofte-Offers.

Vrede vir julle
Abrie Coetzee

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za





**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na:**

**071 529 9491**

### NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel:
**http://bit.ly/nuwelidmate**
of skandeer die QR kode
of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.
Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

# KLEINGROEPE 2020
# KOM WORD DEEL

**Word deel van 'n Kleingroep in 2020.**

Individue, egpare, gesinne, vriendegroepe ensovoorts, kan hier registreer om deel te word van 'n kleingroep by Durbanville-Bergsig NG Kerk. Die indeling sal vroeg in 2020 plaasvind.

Kliek op hierdie skakel of scan die QR code:
http://bit.do/registreer

Registreer

**MANS TGIF** 05:45 Vrydagoggende
Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

## VROUEBEDIENING

**Navrae: Marelize Krige 083 352 5596**
Like DURBANVILLE-BERGSIG Vrouebediening se facebook blad

**DEUROFFER: Helpmekaar studiefonds**
Studente word gehelp wat nie studies kan bekostig nie. Ons bydraes help hier om iemand se toekoms te verander.

**Shiloh "Gifts of Grace" Skryfbehoefte Projek 2020**
Ons benodig nog heelwat skryfbehoeftes!

Ongebruiktes ook welkom

Ons konsentreer op skole aan die buitewyke van Kaapstad waar die grootste nood is.
Skenk fondse / skenk skryfbehoeftes / Kontak Delene by Shiloh sel : 072 370 7198 / admin@shiloh.org.za
www.shiloh.org.za
Bank besonderhede: Rekening houer: Shiloh Synergy
FNB Willowbridge Tak: 250655 Rek nr 62264338643 (tjek)
verwysing van en GoG




Bergsig het 'n gebeds-WhatsApp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

Indien daar iets in jou lewe, die gemeente of die samelewing gebeur waaroor ons ernstig moet bid, stuur asb die gebedsversoek ook na ds Mizelle en sy plaas dit op die groep.

Om 'n lewe te leef sonder gebed is net so onmoontlik soos om te lewe sonder om asem te haal.

*Alle vroue word genooi na die Wêreldbiddag vir Vroue*

***Plek:*** *Durbanville Gemeente*

***Datum:*** *6 Maart 2020*

***Tyd:*** *08:00*

https://worlddayofprayer.net/

## Word deel van die TechTeam

Is Klank, Beligting, Mult-Media of Video deel van jou belangstelling, stokperdjies or beroep? Kom dien die gemeente met jou gawes en vaardighede by the Tegniese ondersteuningspan.

## Bedieningsgeleenthede

@10 en Familiediens - Klank & Beligting, Multi-Media en LiveStream

@10 GlowKidz - Klank & Beligting, Multi-Media

@6 Regeneration - Klank & Beligting, Multi-Media en LiveStream

**Die TechTeam motto is 1 Petrus 4: 10.**

As jy dit ook deel van jou lewe wil maak, kontak vir Carel by 0834409640 of carelhventer@gmail.com vir meer inligting.



**DURBANVILLE PLAASFEES™** 14 MAART 2020 | 08:30 - 17:00 MEERENDAL WINE ESTATE — TROTS GEBORG DEUR King Price INSURANCE

## PLAASFEES KOMPETISIE R100 per kaartjie

1ste: Jong-bees Agterkwart

2de : Meerendal Boutique hotel 1 nag vir 2 persone met ontbyt

3de: Familie Fotosessie

Esméralda PHOTOGRAPHY



1702 MEERENDAL WINE ESTATE




## Plaasfees Blikkies Kompetisie (GlowKidz)



Ipic Play 2 x 2 ure vouchers (seuntjie en maatjie)
Sorbet Girls Manicure : 2 x voucher (dogtertjie en maatjie)
Lucky Packet van LaDiDa
2 x Milkshake vouchers van Koffieman
2 x Wimpy Vouchers (Kidz Meals, drink and Toy)
2 x Vierlanden Mini Spar Ice Slushies
10 x Plaasfees Pretpark-ritte

**ALLE BLIKKIES MOET TEEN 8 MAART ingehandig word om in aanmerking te kom vir die pryse!**




**Skryf in om 'n heerlike pryse te wen teen net R100.**

**Kaartjies by Plaasfees Gazebo op grasperk.**




**Dit is gratis om aan die Draadkar Grand Prix deel te neem. Skryf jou naam op by Plaasfees Gazebo op grasperk.**

**DRAADKAR GRAND PRIX**

- Piekenierskloof 1 x nag akkommodasie vir Gesin van 4 persone met Zipline ervaring
- 10 Pretpak rit-kaartjies
- 2 x Ipic Play 2-hour play vouchers




JVZ architects

**DRAADKAR GRAND PRIX**

**KRITERIA OM IN AANMERKING TE KOM VIR DIE PRYSE:**

- WENNER:
  Tuisgemaakte, mees kreatief versierde draadkar wat die wedren voltooi, met 4 wiele op die grond.
- 10 Pretpark rit kaartjies aan deelnemer - gelukkige trekking
- 2 Ipic play aan deelnemer – gelukkige trekking
- Alle draadkarre kry geborgde item vanaf King Price Insurance, die hoofborg

**Kom koop ook gerus solank jou kaartjie by die Plaasfees Gazebo.**

**R70 volwassenes R30 kid (2-18)**


**'n Baie groot dankie aan Johan van Zyl Argitekte vir die teken van 'n uitstekende TERREINPLAN vir die 2020 Durbanville Plaasfees. Dit was 'n fees om met julle te werk.**

**Bel hul gerus by 021 975 8351 as jy 'n projek op hande het.**



# Identiteit in Christus

*"Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, en dit in oorvloed"* -Joh 10:10




**Weet jy wie jy is en leef jy in die oorvloed wat Jesus bewerk het?**

**Volgende kursus:**

**3, 4, 10, 11, 17 Maart 2020**
**18h30-20h30**
**Die Koffieman@Church**

Kostes = R250 pp * Kontak Heidi Botes 0833992013

# Waarom Identiteit in Christus?

**Ons Christene sukkel baie meer met hierdie vraag as wat ons dink. Tog móét en kán jy verseker weet WIE jy in Christus is....en LEEF!!**

**As jy dit nie weet nie, gaan jy altyd net glo wat die wêreld jou vertel. Dít bepaal wat jy van jouself dink, hoe jy voel en hoe jy optree.**

**Kom reis saam met ons deur 5 sessies en vind uit wat die waarheid oor JOU is, sodat jy dáárin kan leef....want die waarheid sal jou vry maak, en dáárin lê die oorvloed.**

Kontak Heidi Botes – 083 399 2013

glow KIDZ — Kinders wat Glo en Leef met Omgee in ons Wêreld

**Die graad 1-3 oorslaap het verlede Vrydag plaasgevind. Ons het die keer by Durbanville Gemeente in die kerk gaan oorslaap. Ons werk saam en maak beurte. Dink net hoe lekker moet dit wees! Die ou leraar fotos en grafte in die tuin wat stil stil aanskou hoe lekker die kinders lag en speel in die kerk en kerk se tuin. Dit kwetter van kindergesang - LEWE!**


Ons glo die ou leraars sou bly wees oor die kinders se kuier.


Elke spasie word benut.


Laat die kinders na my toe kom en moet hul nie verhinder nie.


Speel in die kerk se tuin.

# Koffieman Nuus:

## Sondag 1 Maart 2020 is Internasionale Barista-dag

'n Barista is iemand wat koffie maak……

MAAR

'n **WARE** barista is iemand wat alles wat hy weet van koffie deel met ander!



Toe ek dit hoor, toe weet ek koffie is vir my, want net so moet ek ook alles wat ek van die evangelie weet deel met ander!

In die lig hiervan het ons bietjie meer as 18 maande gelede vir Geraldo (House of Grace) ingeneem. Ons het hom opleiding gegee as Barista, en "**Alles Koffie**" geleer. Saam met dit het ons hom ook ingeskryf vir die "Work for a Living" kursus sodat hy geskool kan wees in die etiek van werknemer/werkgewer verhouding. Bergsig lidmate het hom gereeld agter die koffiemasjien in die binnehof gesien, waar hy saam met A-koord (die dames wat elke Sondag heerlike koek voorsit in die binnehof), die gemeente bedien het. Geraldo het intussen by Woolworths begin werk en is so suksesvol dat hulle hom ook gebruik om opleiding te gee.

Dit het ons wéér laat besef dat ons by die Koffieman 'n groot inspraak het in mense se lewens en ons is opnuut oortuig van die roeping om die evangelie te lééf en daardeur mense op te rig om álles te wees wat God oor hul gedroom het.

Ons doelwit is om 10 barista's in 2020 op te lei. Dit sal gepaard gaan met "mentoring" en plasings in die mark. A-Koord het intussen saam met Work for a living en die AGS-pastoor ingestem om finansieel by te dra tot die projek. Die koste beloop ± R35000.00/jaar. So indien daar nog mense is wat lief is vir mense (mentors vir die nuwe barista's) of wat finansieel wil bydra, kom gesels gerus met Oswald of Heidi by die Koffieman@Church....mos nou in Kerkstraat, Durbanville. Al besluit jy net om voortaan die Koffieman te ondersteun deur koffie te koop of 'n ontbyt te eet gaan dit ons ook baie help om hulle by te staan.

Vandag is ons nuwe man, **Antonie,** aan diens. Gaan sê vir hom hallo en laat hom welkom voel!

Mag julle koffie vandag ekstra vorentoe smaak…










Jy is genooi om saam met ons te kom bid voor die Plaasfees.




Elke jaar die tyd ervaar ek net klomp wonderwerke – dit is 2 weke voor die Plaasfees en die produkte vlieg by die deure in en mense bel van orals oor om te laat weet hulle kan vir 'n uur of twee werk by die Fees!!!

DANKIE – DANKIE – DANKIE – DANKIE – DANKIE – het ek al gesê DANKIE? Dankie vir julle liefde met die gee van elke produk en oomblik van julle tyd!

**Ons het egter nog so paar uitstaande produkte en ons kort nog mense wat kan help met verkope by al die stalletjies op die dag!**

**Poeding** – Natasha van Greunen 072 480 6187

- Malva poeding 28
- Sago poeding 35
- Appeltert 40
- Jellie (alle kleure) 28
- Skuimpoeding (alle kleure) 34
- Triffle 14
- Pepperment chrisp sjokolade 10
- Sjokolade slabs 8
- Pakkies rooi Jellie 4
- Pakkies geel Jellie 6
- Instant Choc poeding (boksies) 25
- Instant Vanillia poeding (boksies) 25
- Tennisbeskuitjies (pakkies) 25
- Boudior koekies (pakkies)17
- Caramel (blikkies) 9
- Kondensmelk
- Cremora (500g pakke) 3
- Suurlemoensap (250ml) 13

**Jaffels** – Lelan de Jongh 079 514 9915
-Gasbottels en gasburners & jaffelpanne & maalvleis & mense om maalvleis gaar te maak

**Gebak** – Sunette du Toit 084 517 3024
-Enige klein koekies, lekkers en handwerk, baba kombersies, popklere en enige iets mooi!

**Braai**
-Borg van skaapstertjies asb.

**Vintage**
-Enige ou bruikbare items

**Tombola**
-Mooi speelgoed

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810